

## OOR DIE OPLEIDING VAN GESKIEDKUNDIGES\*

### *Inleiding: Die selfbewussyn van geskiedenis as dissipline*

Dit wil voorkom of die Suid-Afrikaanse geskiedkundiges sedert die Tweede Wêreldoorlog hulle gedagtes in toenemende mate laat gaan het oor die aard<sup>1</sup>, taak<sup>2</sup>, metode<sup>3</sup>, geskiedenis<sup>4</sup> en funksie<sup>5</sup> van hulle vak. Dis nie dat die ouer geslag historici wat die grondslae van die geskiedeniswetenskap aan ons universiteite gelê het — en ons moet onthou dat dié grondslaglegging eers aan die begin van die twintigste eeu geskied het — nie voorheen daaraan gedink het nie, miskien net in geringer mate, of omdat die praktiese beoefening van die geskiedskrywing nadenke en uitsprake oor die teorie daarvan voorafgegaan het, soos dit ook die geval in Europa was. Moontlik het die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog en die veranderinge in die Suid-Afrikaanse samelewing wat deur 'n

\*Openbare voorlesing gehou op 3 Oktober 1970 voor personele van die Departemente geskiedenis van die noordelike buuruniversiteite en onderwyskolleges van die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

1. Vgl. bv. G. S. Preller, „Geskiedenisstudie oor die Filosofie van die Geskiedenis” in *Historiese Opstelle*, 1925: D. W. Krüger, „Die Relatiewiteit van die Geskiedbeskouing” in *Koers* XIII (5), April 1946, p. 159-170; F. A. van Jaarsveld, „Oor die teoretiese Aspek van die Geskiedeniswetenskap in Afrikaans”, *Standpunte* (ou reeks), nr. 21, Okt. 1951; Maria Hugo, *Causaliteit in die Geskiedwetenskap*, Pretoria, 1951; J. S. Marais, *The Study of History*, Johannesburg, 1945; W. Maxwell, *Random Reflections on the Study of History in South Africa*, Grahamstown, 1956; A. J. H. van der Walt, „Geskiedbeskouing en Geskiednavorsing”, *Koers* XX III (4), Feb. 1956, p. 212-225; F. A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy Geskiedenis*, Kaapstad, 1959; — *Lewende Verlede*, Johannesburg, 1962; B. J. Liebenberg, „Wat is belangrik in die Geskiedenis?” *Historia* VIII (4), Des. 1963, p. 253-276; T. S. van Rooyen, „In die Ban van die Tyd”, *Historia* VIII (3), Sep. 1963, p. 150-159; — „Verandering 'n historiese Wet”, *Historia* IX (3), Sept. 1964.
2. F. A. van Jaarsveld, *Die Eise van ons Tyd aan die Geskiedskrywing*, R.A.U.-publikasie, Johannesburg, 1968; G. D. Scholtz, *Die Taak van die Historikus*, R.A.U.-publikasie, 1970.
3. C. F. J. Muller, *Johannes Frederik Kirsten oor die Toestand van die Kaapkolonie in 1795*, Pretoria, 1960; H. J. de Vleeschauwer, *Handleiding by die wetenskaplike Tegniek*, Johannesburg 1960; F. A. van Jaarsveld, *Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig*, Johannesburg, 1960; P. J. van der Merwe, *Nog verder Noord*, Kaapstad, 1962.
4. I. D. Bosman, *George McCall Theal as die Geskiedskrywer van Suid-Afrika*, Amsterdam, 1932; D. W. Krüger, „Die Geskiedskrywing oor die Groot Trek”, *Koers* VI (3), Des. 1838, p. 12-22; H. B. Thom, „Die huidige Staat van historiese Navorsing in Suid-Afrika”, *Die Stellenbosche Oudstudent* XII (1), April 1943, p. 9-18; G. D. Scholtz, „Die Ontwikkeling en huidige stand van die Afrikaanse Historiografie”, *Tydskrif Wetenskap en Kuns* VI (3), Nov. 1946, p. 30-40; M. C. E. van Schoor, „Die Biografie in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing”, *Historia* IV (1), Maart 1959, p. 3-18; F. A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy Geskiedenis*, Kaapstad, 1959; — *Lewende Verlede*, 1962; — *Die Beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing*, Mededelings, Unisa, 1963; — „Die Hervertolking van ons Geskiedenis, Mededelings, Unisa, 1963; — *Ou en Nuwe Weë in die S.A. Geskiedskrywing*, Mededelings van Unisa, 1961; — *Lewende Verlede*, Johannesburg, 1962; F. J. du Toit Spies, „Die Uitwerking van enkele Europese Geestestrominge op ons Geskiedskrywing”, *Historia* V (4), Des. 1960, p. 221-230; G. Cronjé (red.), *Aspekte van die S.A. Historiografie*, Pretoria, 1967; C. F. J. Muller e.a., *A Select Bibliography of South African History*, Pretoria, 1966.
5. Vgl. voetnoot 1 en 2 bo.

blanke dualisme, veelvolgigheid en diversiteit gekenmerk word as prikkel gedien wat die belangstelling daarin gewek het. Moontlik het die aanraking van Suid-Afrikaanse studente met Europese geleerdes soos Hui-zinga, Meinecke en H. Brugmans en die vloedgolf literatuur oor die aard, wese en sin van die geskiedenis wat uit die krisis van die Oorlog tevoorskyn gekom het, iets daarmee te doen gehad, moontlik individuele aanleg en eie leeswerk. Die feit bly staan dat heelwat van die jonger geslag geskiedkundiges hulle sedert 1948 aan Europese universiteite op die teoretiese grondslag van die geskiedenis as wetenskap gaan toelê het en dat hulle idees terugbring het wat ander geïnspireer het om dieselfde te doen. In die jongste tyd het heelwat artikels daarvoor in ons historiese literatuur verskyn en is 'n hele aantal professorale intreedes aan temas oor die identiteit van geskiedenis as vak gewy.<sup>6</sup>

Die werk wat gelewer is, weerspieël nie net eie ervaring nie, maar ook die denke van professionele geskiedskrywers in die lande van ons Atlantiese beskawingskring. Die beoefenaars van die geskiedskrywing in daardie lande het immers 'n langer historiese tradisie, ruimer literatuur en die insigte van die grootmeesters wat hulle sedert die intrede van geskiedenis as akademiese dissipline aan die Europese universiteite sowat 125 jaar gelede toegespits het op die teoretiese grondslae daarvan. Dit wil voorkom of die vak geskiedenis meer as ander dissiplines tot *bewussyn* van *homself* gekom het, en, of die vroeë probleme wat hy gestel het en stel en moes oplos, onbeantwoordbaar en onoplosbaar is, gesien die voortgaande en nimmereindigende debat daarvoor<sup>7</sup> wat vandag nog net so lewendig is as sewentig, tagtig of 'n honderd jaar gelede. Moontlik het die aanslag van die natuurwetenskaplike metode op die geskiedeniswetenskap en die verskyning van vele ander dissiplines náas hom, wat hulle ook op die mens en sy verlede-werklikheid of op die huidige samelewing toegespits het, die geskiedkundiges genoop om te besin oor die metode, aard, taak en funksie wat sy *identiteit* as vak moes bewys en handhaaf. Die verlies van die Europa-sentriese geskiedenisbeeld,<sup>8</sup> die kritiek op die „nasionale” geskiedskrywing en die uitbreiding van die historiese horison tot 'n „universele mensheid” of „wêreld-geskiedenis”, 'n nuwe aanslag van die „positivisme”<sup>9</sup> wat „veralgemening” en die formulering van „wette” vereis, die vraag na die toekoms van die Weste — dit alles het geskiedenis as dissipline tot *introspeksie* laat oorgaan en sy fundamente laat herondersoek.

6. Naas D. W. Krüger, J. S. Marais, W. Maxwell (voetnoot 1 bo), ook Van Jaarsveld, *Ou en Nuwe Weë* en *Die Eise van ons Tyd* (voetnoot 1 en 2 bo) J. S. du Plessis, *Oor Historiese Waarheid*, *Koers XXXI* (10), April 1964, T. van Wijk, *Tussen Verlede en Toekoms*, Mededeling Unisa, 1963; N. Garson, *What is History for?* Johannesburg, 1969 en G. D. Scholtz, *Die Taak van die Historikus* (voetnoot 2 bo).

7. Vgl. bv. die artikels in die tydskrif *History and Theory* wat sedert 1961 verskyn en Arthur Marwick se *The Nature of History*, Macmillan, 1970.

8. Vgl. bv. G. Barraclough, *History in a changing World*, Oxford, 1957 en P. Geyl se *De Vitaliteit van de Westerse Beschaving*, J. B. Walters, Groningen, 1958.

9. Vgl. bv. *History and Theory* IX nr. 2, 1970, p. 167: Haskell Fain, *History as Science*.

Daar is twee aspekte van die selfbewussyn van die geskiedenis as dissipline wat sedert die Tweede Wêreldoorlog in die Westerse lande besondere aandag geniet het, maar wat in Suid-Afrika te veel in die skaduwee gebly, en heel onlangs eers tot publieke bewussyn gekom het. Die eerste is die plek van „die geskiedenis” binne die „historiese wetenskappe” (sy konstitutiewe- of vertakkingsdissiplines)<sup>10</sup> en sy plek, afgrensing en verhouding tot die geestes- en sosiale wetenskappe wat hulle ook rig op die mens en sy samelewingsverbande. Die tweede is die ontwikkeling van die geskiedenisbeoefening as *professie* aan ons universiteite (nie die historiografie nie) wat vrae raak oor leerplan-inhoude, doseer- en opleidingsmetodes, vormingsdoelstellinge en professionele probleme.

Die eerste is hier nie ter sake nie en ons verwys daarna slegs in die verbygaan, in die hoop egter, dat dit ’n vertrekpunt mag verskaf wat vir ons aansnyding van hierdie probleemgebied kan meebring. In die Anglo-Saksiese wêreld, veral Amerika, het daar sedert die Tweede Wêreldoorlog ’n lewendige debat ontstaan oor die vraag of geskiedenis tot die geesteswetenskappe (humanities) of tot die sosiale wetenskappe (behaviorisme) behoort. Die logiese positiviste (’n herlewing van die positivisme van die 19e eeu) aanvaar die metodologiese eenheid van die empiriese wetenskap en ontken die geldigheid van die onderskeid wat in 1894 deur Wilhelm Windelband, en later Heinrich Rickert, Georg Simmel, Wilhelm Dilthey en Eduard Spranger gemaak is tussen die nomotiese en ideografiese wetenskappe (natuurwetenskappe en „kultuur”- of geskiedeniswetenskap) en aanvaar dat sonder „veralgemening” daar geen „wetenskaplike verklaring” in die geskiedenis moontlik is nie. In hierdie debat waarin veral filosofe betrokke is, en waarteen sommige historici stelling inneem, gaan dit veral om Carl Hempel se “covering law theory”<sup>11</sup>. Hoewel die geskiedskrywers verdeel is oor die vraag of die geskiedenis tot die „humanities” of die sosiale wetenskappe wat wetmatigheid en veralgemeninge nastreef, behoort, aanvaar die grootste meerderheid historici dat die geskiedeniswetenskap ’n *sui generis* is, ’n kennisgebied en dissipline met sy eie *raison d’être* en metodes, soos dit aan die begin van die 20ste eeu deur genoemde Duitse filosofe gefundeer is. In sekere opsigte is dit ’n verlewendiging en herhaling van ’n baie ou gesprek en derhalwe onvrugbaar, hoewel dit nie sonder waarde vir die historiese selfbewussyn is nie.

Van groter belang is egter die gesprek sedert die Tweede Wêreldoorlog in die Verenigde State oor die rol van die sosiale wetenskappe in die studie van die geskiedenis<sup>12</sup>, hoe hul inhoud en metodes benut

10. Vgl. bv. Otto Brunner, *Das Fach „Geschichte” und die historischen Wissenschaften*, Hamburger Universitätsreden, nr. 25, Hamburg, 1959.

11. Hieroor T. R. Tholfsen, *Historical Thinking*, Harper & Row, New York, 1967, p. 232-238.

12. Vgl. bv. *The Social Sciences in historical Study*, A Report of the Committee on Historiography, Social Science Research Council, Bulletin 64, 1954.

kan word vir die verdieping van die historiese kennis en watter vorme van veralgemeninge daar in die geskiedskrywing bestaan<sup>13</sup>. Die inhoud en metode van die volkekunde, argeologie, sosiologie, demografie, sosiale psigologie en staatsleer is nie sonder betekenis vir die geskiedenis nie en kan as leenwetenskappe veel tot sy verryking en verdieping bydra. Dis interessant om op te merk dat die Amerikaanse historici egter nie gewillig was om hulle navorsing in ooreenstemming te bring met die veranderende belange in die sosiale wetenskappe nie. Die radikale verskuiwings in die ekonomiese, sosiologiese en psigologiese teorie in die huidige dekades het nie gelei na ooreenstemmende wysigings en beklemtonings in die werk van die geskiedskrywers nie. Selfs die bewuste pogings van die "Social Science Research Council", waarna bo verwys is, om so 'n aandagsfokus te rig, het geen sigbare gevolge gehad nie. Eerbiedige hulde aan die „interdisiplinêre benadering” is selde van die konferensietafel na die studievertrek oorgedra, enkele uitsonderings daargelaat.

Dat hierdie aspek van die historiese selfbewussyn vir die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing en vir ons opleiding van geskiedkundiges van betekenis kan wees, blyk uit eerstens die feit dat daar op voorgraadse universitêre onderrig by vakkeuses nie voldoende rekening gehou word met latere spesialisasie nie in dié sin dat daar onvoldoende aandag aan "areas of concentration" gegee word, waarvolgens, veral waar die semesterstelsel in swang is, sinvolle en samehangende onderafdelings uit aanverwante vakke gekies kan word wat die besondere belangstellingsrigting kan verstrek en by latere spesialisasie tot steun kan wees. Dat die verhouding van „die geskiedenis” — vir Suid-Afrika in hoofsaak nog steeds *politieke* geskiedenis — tot ander geestes- of sosiale wetenskappe nie sonder betekenis is nie, blyk tweedens uit die „nuwe benadering” van die kant van buitelandse geskiedskrywers tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat aan 'n proses van „Afrikanisasie” onderwerp is, nl. dat daar nie langer 'n „blanke oorsprong” vir dié geskiedenis aanvaar word, soos dit die geval was in die ou „koloniale” of „imperiale” geskiedenis nie, maar 'n „inheemse” uit Swart Afrika, waarin op die argeologie, volkekunde en sosiologie teruggeval word om "interaction" te bewys, vakke waarvan die inhoud huid en haar by „die geskiedenis” geïntegreer word<sup>14</sup>.

Derdens het die kritiek gekom dat die Suid-Afrikaanse geskiedkundiges onder „geskiedenis” nog te eensydig veel „politieke” geskiedenis beoefen, en dat hulle derhalwe nie rekening gehou het met wat in die laaste veertig jaar in die buiteland, veral Frankryk, in die geskiedenis-wetenskap aan die gang is nie en waar die *inhoud* van die vak

13. Hieroor Louis Gottschalk (red.), *Generalization in the Writing of History*, Chicago, 1963; kyk ook Sidney Hook (red.), *Philosophy and History*, New York, 1963.

14. Soos bv. by M. Wilson en L. M. Thompson se *Oxford History of South Africa*. Oxford, 1969 en 1970.

in 'n ànder rigting uitgaan<sup>15</sup>. Vir ons wat tans in 'n veranderde samelewing verkeer, soos in die 20ste eeu teweeggebring deur industrialisasie, urbanisasie en die gevolglike veranderinge in die demografiese opset van ons land, het daar veel nuwe historiese vraagstukke tevoorskyn gekom wat deur die geskiedkundiges óf nie opgemerk is nie óf links laat lê is, omdat hulle glo dat dié probleme deur aanverwante vakke bestudeer behoort te word. Ons dink hier aan ons nuwe stedelike en veelvolkige samelewing wat diepgaande veranderinge op kulturele, sosiale, ekonomiese, staatkundige, volkpsigologiese, sosiaal-sielkundige, demografiese, en morele gebied gebring het. Wat bo oor die houding van die Amerikaanse professionele geskiedkundiges hieroor gesê is, geld miskien nog 'n sterker mate vir ons.

Dit is hier waar die Franse *Annales*-skool<sup>16</sup> vir ons historiese besef van waarde kan wees. Die grondslag vir hierdie skool van historiese denke en navorsing is na die Eerste Wêreldoorlog deur Henri Berr, Francois Simiand, Paul Lacombe, Lucian Febvre, Marc Bloch, Georges Lefebvre, Pierre Chaunu en F. Braudel gelê. Hulle het uitgegaan van die idee dat geskiedenis wat hom slegs op 'n studie van die politiek tcelê één faktor eensydig beklemtoon en daarom uitgedien is; ware geskiedenis lê in die studie van die menslike toestand, en daarom word aan ekonomiese en sosiale oorwegings voorrang in die Franse geskiedskrywing verleen. Die sleutelwoorde van die huidige historici daar is „événementiel”, „conjuncture” en „structure”. Die „histoire événementielle” wat deskriptief en skilderagtig is en wat meestal om die kronologiese opeenvolging in diplomatieke, militêre en politieke geskiedenis aan die orde van die dag was, word verwerp as slegs *oppervlakte*beroeeringe, terwyl die *ware* geskiedenis méér is as net beskrywing van gebeurtenisse; dit moet „histoire de longue durée” wees, d.w.s. náás beskrywing ook 'n vertolking, verklaring en evoluasie van die kragte of faktore wat onder in die *diepte* die groot prinsipiële veranderinge in die geskiedenis veroorsaak, en derhalwe moet die geskiedkundige *al* die elemente in ag neem wat tot die samestelling van die besondere stuk verlede wat hy bestudeer, bygedra het en wat deur hulle interaksie sy aard gekondisioneer het. Om dié rede gaan dit vir hulle om die wysiginge in die strukture vir veranderinge in die samelewing en daarom heg hulle groot waarde aan eksakte kwantitatiewe gegewens en staan die ekonomie, sosiologie en demografie op die voorgrond. Onder „conjuncture” word verstaan die *totaliteit* van die toestande, basies materieel van aard, maar ook politiek, moreel en ander, waarin die mens opgetree het. Onder „structure” word verstaan die *blywende* elemente, die permanente komponente van 'n gegewe werklikheid — alles gesien binne 'n perspektief van „longue durée”.

15. Kyk die maandblad *Zuid-Afrika*, 46e jrg., Nov.-Des. 1969, nrs. 11 en 12, p. 166, kol. 2, artikel van prof. W. Ph. Coolhaas: „Twee nuwe Werken over de Geschiedenis van Zuid-Afrika”.
16. Kyk Boyd C. Shafer, *Historical Study in the West*, New York, 1968, p. 59-63; F. Wagner, *Moderne Geschichtsschreibung*, Berlyn, 1960, 89-112.

Om dit te kan bereik, word verwaarloosde argivaliese materiaal soos fiskale rolle, kieslyste, notariële-, lenings- en wetlike rekords op grond daarvan bv. „sosiale mobiliteit” bestudeer word, d.i. die beweging van mense van een sosiale groep na ’n ander. Ook staan demografiese ondersoek op die voorgrond en vir dié doel word o.a. kerkregisters, staatsregisters van geboorte en dood en statistieke, linguistiese en etniese areas, verdwene dorpe, die munt van geld, ekonomiese handelinge en definisies van grense bestudeer. Volgens die *Annales*-geskiedskrywers kan die historikus hom nie langer in ’n ivoortoring terugtrek nie, hy moet hom wend tot die aanverwante dissiplines soos volkekunde, sosiologie, filosofie, linguistiek en esteties, en historiese takdissiplines soos agrariese, tegnologiese en wetenskapsgeskiedenis, m.a.w. die mens moet in sy *totaliteit* bestudeer word, die mens-in-sy-samelewing — en nie die mens soos hy in die 19e eeuse geskiedskrywing kategoriaal gesegmenteer was in die „ekonomiese”, die „politieke” of die „godsdienstige” mens nie. Teen die agtergrond van hierdie ontwikkeling is daar vir die Suid-Afrikaanse geskiedkundiges én vir hulle opleiding nog ’n lang ent pad voor. Oorsese opleiding in hierdie nuwe denk- en werkkringting kan ons isolasie deurbreek en die 20ste eeu — ook die 19e — met groter vrug laat bestudeer word.

Ons moet egter van hierdie sypaadjie terugkeer na die derde gebrek in die selfbewussyn van die geskiedenis as dissipline in Suid-Afrika, nl. die al te lange verwaarloosing van ’n studie van die ontwikkeling van die geskiedenisbeoefening as *professie* aan ons universiteite waaraan in die huidige tyd soveel aandag in die buiteland, veral die Anglo-Saksiese wêreld waar ook ander lande, gegee word.<sup>17</sup> En hieruit sal die hoofdis van hierdie studie tevoorskyn kom met die bedoeling om aan ons ’n basis van vegelyking te gee wat betref die opleiding van geskiedkundiges in Suid-Afrika. Omdat die geskiedenisdepartement van elke universiteit ’n geslote eenheid was, en is, het elke professionele historikus as departementshoof sy eie huishoudelike sake gereël, leerplanne vir die geskiedenis op voor- en nagraadse vlak daargestel en verander sonder dat daar veel onderlinge oorlegpleging met mede-historici was. Sommige leerplanne het vir baie jare onveranderd gebly. Te oordeel aan die gebrek aan publikasies oor die probleme van universitêre *leergange*, *doseermetodes* en wyse van *opleiding* van historiese geleerdes, kan gekonstateer word dat daar tot heel onlangs nog nie tot ’n kollektiewe bewussyn van die geskiedenisonderrig aan ons universiteite gekom is nie, hoewel

17. Vgl. bv. F. A. van Jaarsveld, „Oor die teoretiese Aspek van die Geskiedeniswetenskap in Afrikaans, *Standpunte* nr. 21 (1951), „Aangaande ons huidige Geskiedenisbeoefening”; *Standpunte* 58 April 1965 en *Die Eise van ons Tyd aan die Geskiedskrywing*, R.A.U.-publikasie, Johannesburg, 1968; M. J. Swart, „Leemtes in ons Studie van die Geskiedenis”, *Historia*, Des. 1958, p. 276.

daar enkele stemme was wat die doeltreffendheid van ons opleiding so vroeg as 1951 bevraagteken het.<sup>18</sup>

Aan ons professionele geskiedenisopleiding is daar heelwat vraagstukke verbonde soos o.a. die verhouding van universitêre opleiding en hoërskoolonderrig en die verband tussen voor- en nagraadse vorming van studente; ook is daar die verband tussen die professionele geskiedkundiges en hul samelewing. Te oordeel aan die gebrek aan publikasies oor die probleme van ons eietydse samelewing wat hom histories kan toelig, boeke van die hand van geskiedskrywers oor ons volksverhoudinge, industrialisasie, urbanisasie, die opkoms van ons stede, internasionale betrekkinge, veranderinge van kulturele, geestelike, ekonomiese, sosiale en psigologiese aard wat deur laasgenoemde voortgebring is, kan gevra word of die professionele historici nie in sekere opsigte gefaal het in hulle onderkenning, formulering van en navorsing oor genoemde probleme, verskynsels en verandering nie, en of hulle studente gekweek het was as toekomstige geskiedkundiges in dié rigting sou kon werk het. Het hulle hul nie in 'n groot mate geïsoleer van die buiteland en van nuwe strominge, m.a.w. 'n invoortoringslewe gelei nie? Kan die huidige en sal toekomstige jong geskiedkundiges wetenskaplike antwoorde kan verstrek aan die buitelandse vakwetenskaplikes wat die Republiek tot objek van kritiek en van ideologiese interpretasies gemaak het? Is ons seker dat ons met ons huidige opleiding van geskiedkundiges op die regte pad is, veral as verneem word dat daar 'n gebrek aan historiese navorsers en geskiedskrywers<sup>19</sup> bestaan wat die resultate van hulle navorsing deur publikasie bekendmaak? Of moet volstaan word *slegs* by akademiese publikasies wat deur ons Argiefjaarboeke weerspieël word — meestal studentewerk?

Opleiding in die geskiedenis behoort in sy totaliteit gesien te word en dit geld hoërskoolonderrig sowel as voor- en nagraadse opleiding, en nie die drie as losstaande of afsonderlike eenhede nie, want die een is mynsinsiens van die ander afhanklik. So byvoorbeeld behoort van die kant van die professionele geskiedkundige aandag gegee te word aan geskiedenis in die sekondêre skole, want die eerstejaars wat hy kry, kom na die universiteit as sy studente. Is hulle toegerus met voldoende oorsigtelike inhoudskennis of ervaring met metodes, tegnieke en literatuur? Dit is waar dat die dosent by die opstelling van sy universitêre leergange hom nie moet laat lei deur die skoolleergange nie; hoewel hy geskiedkundiges sal moet oplei wat op skool as geskiedenisonderwysers kan optree. Maar hy moet toesien dat die

18. <sup>1</sup>Vgl. bv. D. Perkin's en J. L. Snell: *The Education of Historians in the United States*, New York, 1962; G. Barlow en B. Harrison, *History at the Universities* (in Groot Brittanje), Londen, 1966; A. S. Eisenstadt, *The Craft of American History*, 2 dele, New York, 1966; John Higham, *History, the Development of historical Studies in the United States*, Prentice-Hall, Englewood-Cliffs, 1965 en G. Berg, *Leopold von Ranke als akademischer Lehrer*, Van den Hoeck en Ruprecht, 1968.

19. Kritiek hierop F. A. van Jaarsveld, „Die Afrikaner en Geskiedenis op Skool”, *Historia* XII (3), p. 164.

skoolleergange wel deeglik op die inhoud van universitêre leergange en vereistes toegespits is, sodat die skoolprodukte met 'n sekere onderbou aan historiese kennis na sy geskiedenisdepartemente kan kom. 'n Komitee van universitêre, en dus professionele historici, behoort na 'n studie van hoërskoolleergange die onderwysdepartemente oor „ideale” leergange te adviseer. Dan sal daar minder ontoereikende leergange wees wat strukture van die geskiedenis by gebrek aan kennis en insig verkrag. Dis gevaarlik as amateurs 'n leergang moet opstel of selfs dëtalleer. Deskundige advies is altyd byderhand.

In teenstelling tot die onlangse passiwiteit ten opsigte van geskiedenis aan ons universiteite is daar sedert die begin van die vyftiger jare lewendige debatte aan die gang oor die posisie van geskiedenis aan die hoërskole in Suid-Afrika<sup>20</sup>. Die besorgtheid oor die afname in getalle leerlinge wat geskiedenis tot matriek neem, waaruit in 1956 die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* tevoorskyn gekom het, het o.a. deur middel van sy orgaan *Historia* veel gedoen om historiese besef te stimuleer en belangstelling in die geskiedenis te wek. Mede deur sy toedoen is in 1970 'n lywige rapport van die hand van C. R. Liebenberg uitgebring wat in die „Instituut vir Opvoedkundige Navorsing” van die „Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing” opgestel is, nl. *Die Onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse Sekondêre Skole*.

Omdat die Historiese Genootskap hom o.l.v. sy voorsitter in die eerste plek op die geskiedenisonderrig op sekondêre skole toegespits het, is daar die behoefte gevoel aan nouer kontak tussen die *professionele* geskiedkundiges aan die universiteite, wat in 1965 gelei het tot die stigting van die *Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging* met as lyforgaan die *S.A. Historiese Joernaal* waarvan die eerste eksemplaar November 1969 dateer, hoewel dit teen middel 1970 verskyn het. Dié vereniging reël tweejaarlikse kongresse en jaarlikse streekkonferensies vir akademiese geskiedkundiges waar navorsingsprobleme en -resultate ter sprake kom, maar ook probleme i.v.m. onderrig. In 1968 is bv. aandag gegee aan studieleiding aan nagraadse studentonavorsers en in 1970 aan probleme by die opstelling van voorgraadse leergange. Dit is hier waar die geskiedenis as dissipline tot bewussyn van homself kan kom. Wat tans noodsaaklik is, is die benoeming van 'n komitee wat 'n omvattende ondersoek sal doen na die stand van sake i.v.m. geskiedenisopleiding aan ons universiteite en wat aanbevelings kan maak. Dit geld o.a. die jaarlikse getalle eerstejaars wat vir geskiedenis inskryf en dié aantal wat die universiteite met B.A.-grade verlaat, die aantal Honneursstudente (deel- of voltyds) en die aantal M.A.'s en D.Phil.'s wat jaarliks grade verwerf. Metodes van opleiding en die aantal dosente wat by die opleiding betrokke is, behoort ondersoek, en aanbevelings oor die doeltreffendheid van ons

20. *Kyk Standpunte* 60, Aug. 1965: „Die huidige gesprek oor geskiedenisonderrig” en R.A.U.-publikasie A26, *Geskiedenisonderrig in Suid-Afrika Vandag*, Johannesburg, 1969.



opleiding gemaak te word. 'n Beeld van die toestand, gegrond op statistiese gegewens kan veel bydra om van die probleme wat tans ondervind word, o.a. ook die ondervoorsiening van personeel vir die groeiende studentegetalle, onder die aandag te bring, wat moontlik kan lei na meer doeltreffende onderrig en die opleiding van meer geskiedkundiges wat in staat sal wees om te voldoen aan die eise van ons tyd. Dit sal ook groter duidelikheid bring oor die plek van die geskiedkundige in ons samelewing.

Dit is die doel van hierdie voorlesing om vir 'n wyle stil te staan by universiteitsopleiding in geskiedenis in die buiteland wat aan ons 'n basis van vergelyking kan gee ten opsigte van doel, inhoud en metode op skool-, voor- en nagraadse vlak in ons eie land.

### *Skoolgeskiedenis in universiteitsverband*

In Frankryk is daar tot die ouderdom 16 jaar verpligte onderwys — ook in geskiedenis. Alle studente op die middelbare skool — die *lycées* en *colléges* — wat sewejaar opleiding ná die laerskool omvat, word tot die geskiedenis ingelei, vanaf ou Egipte oor die Grieke, Romeine en Middeleeue heen tot die eietydse. Die klem word gelê op moderne en eietydse geskiedenis en die laaste drie jaar van die hoërskoolonderwys word slegs hieraan gewy. Die bedoeling is nie om historici op skool op te lei nie, maar 'n breë algemene vorming te verskaf. Twee uur per week word aan geskiedenis afgestaan en 'n algemene klag is oorlaaiing van die leergange. Aan die einde van die studie word 'n *baccalauréat* verwerf wat as toelating tot universitêre onderdig dien.

In Wes-Duitsland is daar 'n eng verbintenis tussen hoërskoolgeskiedenis en universiteitsopleiding wat nie die geval is in die V.S.A. of Brittanje nie, waar die hoërskole al lankal hul eksklusiewe rol opgegee het as voorbereiding vir die universiteite. Geskiedenisleergange in die Duitse hoërskole (gimnasiums) is, wat inhoud en opvoedkundige ideale betref, primêr georganiseer om aan die eise van universiteitstudie te voldoen, en die opleiding aan die geskiedenisdepartemente is in 'n groot mate gebaseer op wat in die middelbare skool aangebied word. Die hoërskool vorm dus die basis van die akademiese opleiding en sif talent uit vir die universiteit. Die student wat sy *Abitur* verwerf het, gaan met 'n deeglike historiese kennisbasis na die universiteit. Die hoërskoolstudent kry 'n breë bekendheid met alle kennisgebiede. Die laaste twee jaar hoërskoolopleiding staan gelyk met ons eerste twee jaar B.A.-studie, en die student gaan na 'n universiteit 19 of 20 jaar oud. Die Duitse stelsel tref nie onderskeid tussen vóór en nagraadse studie soos by ons en in die Anglo-Saksiese wêreld nie, en die student bevind hom direk by sy intrede tot die universiteit as 'n „nagraadse” student. Van hom word bekendheid met drie vreemde tale vereis soos Latyn, Frans en Engels. Daar word egter onderskeid getref tussen gimnasiums wat vir die natuurweten-

skappe en dié wat vir die *humaniora* voorberei, en dis op laasgenoemde dat geskiedenis verpligtend is. Spesialisasie in een van die twee rigtings vind dus reeds op die gimnasiums plaas, soos dit ook die geval in Nederland is.

In *Brittanje* word geskiedenis prakties in elke primêre en sekondêre skool deur sowat 20 000 onderwysers in 50 000 skole gedoseer. Dit is tot ongeveer st. 8 verpligtend, daarna 'n keusevak vir die *grammar*, *komprehensiewe*, *sekondêr-tegniese* en *sekondêr-moderne* skole wat die leerlinge voorberei vir die eindeksamen ter verwerwing van 'n „General Certificate of Education”. Dié kan die „gewone” of „Ordinary Level” wees, óf die gevorderde of „Advanced Level”. Vir toelating tot 'n Britse universiteit mag nie minder nie as drie vakke op die gevorderde vlak geslaag word. Die student is dan ongeveer 18 jaar oud. In die voorbereidende en „public schools” word Britse geskiedenis met mening onderrig, maar daar is klagte dat die leerlinge op skool 'n baie beperkte bekendheid met die verlede opdoen.<sup>21</sup> In die hoogste klasse van die *Grammar Schools* begin hulle reeds in sekere temas spesialiseer.

In die *Vereenigde State van Amerika* word geskiedenis in alle elementêre, junior- en senior hoërskole (grade 9 tot 12, laasgenoemde waarvan ongeveer gelykstaan met ons matriek) deur sowat 60 000 onderwysers gedoseer. Vaderlandse geskiedenis is vir al vyftig state verpligtend. Ook wêreldgeskiedenis word gedoseer, en in sommige van die beste hoërskole is spesialisasie in die hoogste standerds moontlik. In die meeste gevalle is geskiedenis 'n onderdeel van die „social studies” wat self „current affairs” insluit, en wat soms meer beklemtoon word as die geskiedenis self! Hoërskoolgeskiedenis is oorsigskursusse en heelwat word gedoen aan besprekingsklasse en besoeke van historiese plekke. Objektiewe toetse word afgeneem en opstelle en kaartstudies gedoen, maar daar is geen vereiste algemene eindeksamen aan die hoërskool nie, hoewel meer en meer studente 'n „College Entrance Examination Board Aptitude” aflê wat 'n kriterium bied vir toelating tot universiteitskolleges. Alle leerlinge word deur die wet verplig om tot 18 jaar of „matriek” skool te gaan. Hoërskoolonderwysers gee selde formele lesings, maar lei hulle leerlinge in hulle leeswerk met vrae en diskussies en take. Nie alle onderwysers wat geskiedenis doseer het B.A.-grade nie en weinig van hulle lees wyd. Universiteitsdosente kla daar steen en been dat hoërskoolgeskiedenis nie van 'n hoë kwaliteit is nie en daarby ondoelmatig en oppervlakkig. In 1957 het die *American Historical Association* probeer om hoërskoolonderrig te verbeter deur die stigting van 'n “Service Centre for Teachers”. Daar kan hulle in somerskole hulle kennis verdiep en op hoogte kom met huidige historiese ondersoek<sup>22</sup>.

21. Boyd C. Schafer, *Historical Study in the West*, p. 131.

22. Oor geskiedenis aan die Amerikaanse hoërskole kyk R. A. Billington: *The Historian's Contribution to Anglo-American Misunderstanding*, Londen, 1966 en B. C. Shafer, *Historical Study in the West*, p. 196-97.

In die *Republiek van Suid-Afrika* is geskiedenis op die hoërskool tot st. 8 verpligtend, maar daarna is dit 'n keusevak. Ook word van alle leerlinge — afgesien daarvan of hulle universiteit toe gaan of nie — 'n eindeksamen vereis. Eers in die jongste tyd word leerlinge, veral in die *Projekskole*, ingelei tot naslaanmetodes in 'n biblioteek wat blykbaar bedoel is om hom vir die universiteit voor te berei. Hoewel 'n matrieksertifikaat vir universiteitstoelating vereis word, hoef 'n leerling nie geskiedenis tot Matriek te geneem het om met 'n eerstejaarskursus te kan begin nie. Die meeste universiteitsdosente het weinig, indien enige, belangstelling vir wat met geskiedenis op skool aangaan. Ook hier het ons oorsigskursusse of deurlooptemas wat weinig verband hou met universitêre leergange. Die geskiedenis word die slagoffer van eksamendrilwerk en weinig selfstandige denke en oefening in die gebruik van kennis. Nie alle onderwysers wat tot st. 8 doseer het B.A.-grade in geskiedenis nie, en oor die algemeen lees die onderwysers weinig en is hulle nie op hoogte met nuwe ontwikkelinge in die vak of nuwe navorsing nie. Daar word steen en been gekla dat buitemuurse aktiwiteite en ongesonde kompetisie hulle van lees- en studietyd beroof. Daar bestaan mynsinsiens veels te weinig verband tussen geskiedenis aan die hoërskool en die universiteit. Hierin behoort daar verandering te kom.

*Voorgraadse vorming as onderbou vir nagraadse opleiding.*

In *Frankryk* kom die eerstejaar met 'n *baccalauréat* van die *lycées* en *colleges* na die universiteite waar die opleiding in geskiedenis as 'n dissipline begin. Die universiteitsopleiding is sedert 1966 verdeel in twee siklusse van twee jaar elk. Die *eerste siklus* is verdeel in nege afdelings waarvan geskiedenis een is. Die student neem 15 uur opleiding per week in vier teoretiese en twee praktiese oefening-kursusse, wat moderne geskiedenis vanaf die 15e tot die 18e eeu, en eietydse geskiedenis vanaf die 19e eeu tot die hede insluit, en daarby ook aardrykskunde en 'n antieke of moderne taal. In die tweede jaar neem die student weer 15 uur per week, maar nou in Antieke en Middeleeuse geskiedenis, die historiese hulpwetenskappe, streekaardrykskunde en 'n antieke of moderne taal. Aan die einde van die tweede jaar word die eerste siklus afgesluit met 'n eksamen, die „Diplôme universitaire d'études littéraires” wat toelating gee tot die *tweede siklus*, 'n siklus wat die student voorberei vir die „Sertifikate van Hoër Studies”, waarvan twee nodig is om die „Licencié en histoire”, d.w.s. 'n onderwys-lisensiaat te verwerf, wat hom die bevoegdheid verleen om in die kolleges (hoërskole) te doseer. Gedurende die tweede jaar van die tweede siklus word die student voorberei vir die rang van „Maîtrise” (Meester). Om dit te verwerf, moet die student 'n derde „Sertifikaat van Hoër Studies” verkry, wat hom toelaat om in die *lycées* te doseer. Diè „Maîtrise” kan die student toelaat om met 'n derde siklus voort te gaan, wat aan navorsing vir 'n dissertasie gewy word, of direk lei tot die toelating vir die *doktorstudie*. Tesame

met die twee jaar van die eerste siklus is ten minste drie jaar verdere studie nodig om drie „Licencié en histoire” te verkry, en nog vier vir die diploma van „Maîtrise” wat dus ses jaar voltydse studie vereis. Diégene met die *licencié* en die *diplomas* in hoër studies vorm die geskiedenisonderwyserkorps in die *lycées* en *colléges*, wat almal „professore” genoem word. Dié liggame is voorbereidende skole vir toelating tot die universiteit.

Om die „licencié” te verwerf, is ’n dissertasie nodig oor een van die probleme in die leergang, ’n kommentaar op ’n teks, praktiese toetse in epigrafie, argeologie of papirologie, paleografie, diplomatiek en ander historiese hulpwetenskappe. Verder is nog twee mondelinge toetse nodig, een oor ’n probleem uit die leergang, en die ander oor die algemene geskiedenis van die periode wat hy bestudeer het. Ook moet hy sy bevoegdheid in ’n vreemde taal bewys deur die lees en vertaal van ’n bladsy uit ’n boek oor moderne geskiedenis. Om die „Maîtrise” te kry, moet die student ’n verhandeling „travail d’étude et de recherche” voorlê, wat ’n stukkie oorspronklike werk moet wees oor ’n tema wat deur die professor gesuggereer of deur homself gekies word. Hier neem ’n professor vir die eerste keer persoonlike aandeel in die student se opleiding<sup>23</sup>. ’n Professor aan die universiteit doseer drie uur per week, twee uur oor ’n hoofkursus en een uur aan praktiese oefeninge, soms in die vorm van kommentaar op tekste.

Soos reeds vermeld, is daar in *Duitsland* nie so-iets as „voorgraadse” studie aan ’n universiteit nie, en vanaf sy intrede word ’n student soos ’n nagraadse persoon behandel: die universiteit is ingestel op gespesialiseerde studente en hou vas aan die idee dat hy ’n gemeenskap is van dié wat onderrig gee en dié wat studeer. ’n Student vind nie ’n definitiewe studieprogram nie en kan sy belangstellingsrigting vrylik volg. Hy het groot vryheid en moet eie inisiatief aan die dag lê. ’n Student kan sy studies op twee wyses voltooi: hy kan die „Staatsexamen” aflê na agt semesters studie (tans sowat 10 tot 12 semesters) wat hom die „Befähigung für das Lehramt an höheren Schulen” gee, m.a.w. ’n kwalifikasie vir die Duitse onderwysprofessie. Hoewel die eksamen deur professore afgeneem word, is dit nie ’n akademiese nie; die enigste „akademiese eksamen” is vir die *doktorsgraad*, die tweede wyse van voltooiing van sy studie. Dié twee wyses van ahandeling van studie staan geensins in verband met mekaar nie. Eers heel onlangs is in die meeste Duitse universiteite ’n Magistergraad ingevoer wat in die plek van die al te swaare doktorsgraad geneem, en makliker verkry kan word met ’n dissertasie van geringer omvang. Die M.A.-graad het nog nie daar publieke waardering nie en dis nog onseker of dit byval sal vind by studente of in die Duitse akademiese wêreld. Die student wat die „Staatsexamen” wil aflê, hoef nie voorlesings by te woon as hy nie wil nie; bywoning

23. Vir besonderhede kyk Shafer, a.w., p. 35-40.

van seminaarklasse is egter verpligtend en daarvan moet hy vyf bywoon — inleidende of „proseminare” in Antieke, Middeleeuse en Moderne geskiedenis, en twee gewone of gevorderde seminare in twee van hierdie studiegebiede. Voorheen was daar geen eksamen voor na vier jaar (of selfs vyf of ses) vir die „Staatsexamen” nie. Eers in 1966 is ’n „Zwischenprüfung” aan die einde van die vierde semester ingestel, maar dié is nog in ’n proefstadium.

In *Brittanje* moet onderskeid getref word tussen die konvensionele universiteite, Oxford en Cambridge, die ouer provinsiale universiteite en die nuwe universiteite van na die Tweede Wêreldoorlog wat met allerlei eksperimente begin het. In *Oxford* skryf ’n student in by die „Honours School of Modern History” as hy die skoolindeksamen in die A-vlak geslaag het, of as hy reeds ’n B.A. aan ’n ander universiteit verwerf het, wat hom in staat stel om sy B.A. Hons na drie i.p.v. vier jaar te verwerf. Die leergange bevat die geskiedenis van Engeland, ’n tydperk uit die algemene geskiedenis en ’n besondere historiese tema wat aan die hand van bronne bestudeer word. Die eerste publieke eksamen word na een jaar studie afgelê en die tweede na nege kwartale. ’n Kandidaat vir die Hons-eksamen skryf tot tien drie-uur vraestelle waarvan twee oor sy besondere tema handel en lê ’n mondelinge eksamen af, die *viva voce*, om vas te stel of hy eerste, tweede of derde klas slaag. Die eerste klas lei gewoonlik tot ’n akademiese loopbaan wat deur ’n „post-graduate student”-of „fellowship” in een van die kolleges gevolg word, soms met, soms sonder doseerwerk, maar met die bedoeling om hom ’n bietjie navoringservaring te laat verkry. Studente kan ook deur die “School of Literae Huamiores” (die sg. “Greats”) gaan vir ou geskiedenis.

In *Cambridge* staan die B.A.-graadeksamen bekend as die „Tripos” wat vandag in twee dele geneem kan word, die eerste na nie minder as vier kwartale nie en die tweede nie minder as sewe kwartale nie. Vir die eerste deel van die „Tripos” word ’n opstel oor ’n gegewe werkstuk vereis en vyf ander vraestelle gekies uit agt leergange — twee daarvan gaan oor Britse en ten minste een uit die Middeleeuse of moderne Europese geskiedenis. Vir die res kan dit Antieke of Amerikaanse geskiedenis of die geskiedenis van die politieke denke wees. Vir die tweede deel van die „Tripos”-eksamen word ook ’n opstel verwag en ses ander vraestelle insluitende twee oor ’n besondere tema. Een van dié twee vereis ’n studie van gedrukte bronne. Kennis van Latyn en ten minste een buitelandse taal is ’n vereiste. Die Universiteit van Londen staan naastenby op dieselfde grondslag, maar ’n groter aantal “options” en ruimer keuse uit “special subjects”. Aan die Skotse universiteite bestaan nie ’n B.A.-graad nie en die studente kry na drie jaar ’n “ordinary” M.A.-graad.

Die *nuwe* Britse universiteite van na die Tweede Wêreldoorlog het radikaal met die bestaande stelsel gebreek en ’n B.A.-kursus kan oor vier jaar gevolg word. In die eerste jaar word ’n wye aantal

temas geneem wat gevolg word deur drie jaar studie van twee hoofonderwerpe tot die Honneursvlak — en slegs één hiervan mag geskiedenis wees. In East Anglia, Sussex en Essex bestaan daar geen geskiedenisdepartemente nie; studente mag “major” in ’n besondere onderwerp, maar slegs in ’n breë skema wat ’n aantal “related subjects” raak. In East Anglia word bv. ’n B.A. Hons.-graad in die “School of English Studies” aangebied met spesialisasie in Engelse geskiedenis, maar dit behels ook eksamens in die Engelse taal en letterkunde. In Sussex mag geskiedenis bv. ’n hoofvak wees vir die B.A.-graad in die “School of European Studies”, “School of African and Asian Studies”, of “School of Social Studies”. Daar word heelwat kritiek teen die nuwe stelsel uitgespreek, toegegee dat ’n student daardeur ’n “cultivated person” kan word, maar betwyfel of hulle professionele historici sal word. Dit is in die Oxbridge-Londenstelsel en die ouer universiteite waarin vandag feitlik alle gevorderde studie en opleiding vir navorsing in die geskiedenis plaasvind.<sup>24</sup>

In die *Verenigde State* is daar ’n menigte kolleges, universiteite en “Liberal Arts Undergraduate Schools” wat studente vir ’n B.A.-graad in die geskiedenis oplei. Die opleiding strek daar oor vier jaar, i.p.v. drie soos by ons. Van studente wat geskiedenis as ’n hoofvak neem, word verwag om een “basic course” in die Amerikaanse geskiedenis of dié van die Westerse beskawing, of moderne Europa te loop. Dit is gewoonlik ’n „general survey”. Dit behandel, op ’n meer gevorderde vlak ongeveer dieselfde inhoud as die hoërskoolkursusse, maar die rol van idees word al meer beklemtoon. Oor die algemeen word die lesingmetode gevolg, hoewel dit nie altyd ’n formele vorm aanneem nie; een uit die vier lesure word afgestaan aan ’n diskussieklas, “readings” word aangewys, waaroor studente in so ’n klas rapporteer, en wat dan deur sowel dosent as student gekritiseer word. Een “paper” of opstel word per kwartaal geskryf wat beoordeel en deur die dosent gegradeer word. Sommige van die beste universiteitskolleges vereis ’n geskrewe of mondelinge eksamen in die areas van die studente se „konsentrasie”, en lei die student in tot die seminaarmetode, historiese metode en historiografie, en in uitsonderlike gevalle ook filosofieë van die geskiedenis. Enkele studente neem ook ’n Honneursgraad wat op ’n besondere skripsie berus, gebaseer op heelwat leeswerk en in sommige gevalle op oorspronklike navorsing. Vir ’n hoofvak word 30 tot 40 uur “course work” per semester vereis. ’n Student mag ook soms ’n onafhanklik leeskursus of twee hê.

Die doel met die voorgraadse opleiding is algemene kennis, algemene begrip, “liberal learning”, kennis van denkwyses en die vorming van die gees, d.w.s. dis pragmaties, en gaan nie soseer om die geskooldeheid in die wetenskap nie. Die eise van die “graduate schools” dwing

24. Vir toelatingsvereistes, leergange en eksamens in Brittanje kyk G. Barlow en B. Harrison, *History at the Universities*, Londen, 1966 en Shafer, *Historical Study in the West*, p. 134-137.

sommige kolleges egter om „navorsing” te beklemtoon en gespesialiseerde kursusse aan te bied. Die werk “The Education of Historians in the United States”<sup>25</sup> gee ’n duidelike beeld van die voorgraadse opleiding, wat voor- en nadele laat sien.

In die *Republiek van Suid-Afrika* word ’n student met ’n gepaste matrieksertifikaat tot universitêre geskiedenisstudie toegelaat sonder dat hy geskiedenis tot Matriek toe hoef te gehad het. Een van die hoofvakke vir die B.A. moet geskiedenis wees. Die Engelstalige universiteite steun meestal op die Oxford-Cambridge-model en voorkeur word aan Algemene geskiedenis bo Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee. Die Afrikaanse universiteite verdeel die geskiedenis oor al die kursusse in sowat eweredige dele Vaderlandse en Algemene geskiedenis,<sup>26</sup> by sommiges tel eersgenoemde sowat een derde in die eerste en finale jaar. Die voorlesingmetode word gevolg — soms nog die Middeleeuse dikteermetode wat studente hulle penne laat deurskrywe — in ander gevalle ’n vrye voordrag. By die R.A.U. word een van die vier voorlesings vir ’n „groepklas” (’n soort proseminaar) afgestaan, waarin diskussies (soos naastenby in die V.S.A.) oor historiese probleme gehou word en die studente mekaar se seminaarstudies bekritisiseer. Soms word „besprekingsklasse” van die voorlesinguur gemaak. Van die student word verwag om self sy oorsigskursus te lees aan die hand van „kernaantekeninge” — te min om van te leer, en in werklikheid beslaan dit hoofpunte met literatuur aanduidings. Aan die meeste universiteite word aan eerstejaars oorsigskursusse gebied. Die bedoeling is om diégene wat geskiedenis slegs vir een jaar lank neem, iets meer van inhoudskennis mee te gee en die studente te „oriënteer” vir die tweede en derde jaar. Aan sommige universiteite word „periodes” behandel, aan ander „temas”. By twee universiteite, U.P.E. en R.A.U., word die semesterstelsel gevolg wat twee eksamens per jaar beteken, terwyl aan die ander universiteite een finale eksamen afgelê word. By die R.A.U. word onder die verlengde akademiese jaar ’n somertermyn-oriënteringskursus aan die eerstejaarstudente aangebied wat oor die geskiedenis as kennisterrein handel en van aanverwante vakke en hulle metodes. Tweede- en derdejaarstudente verrig ook vakansieleswerk wat die ekwivalent is van ses weke se doseerwerk teen 4 lesings per week, en waarvoor skriftelike verslae in die vorm van skripsies of toetse vereis word. Hierdie is ’n nuwe ontwikkeling in universitêre onderrig.

Die vraag is of alle universiteite die studente goed genoeg voorberei vir nagraadse studie. Slegs aan twee universiteite, U.O.V.S. en R.A.U., word inleidingsafdelings vir historiese metode en tegniek en

25. Kyk voetnoot 18 bo.

26. Twee insiggewende referate oor voorgraadse opleiding aan ons blanke universiteite is in Junie 1970 by ’n streekkonferensie van die S.A. Historiese Vereniging in Bloemfontein deur drs. J. C. Moll en H. J. van Aswegen gehou, e.g. oor „Probleme m.b.t. Leerplansamestelling in Algemene Geskiedenis aan blanke Universiteite in Suid-Afrika” en lg. oor „Leerplansamestelling vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis”.

teorie van die geskiedenis in die B.A.-jare aangebied. Vir die res gaan dit om blote inhoudskennis en word die idee van geskiedenis-as-wetenskap of *dissipline* nie beklemtoon, soos bv. in die geval van sosiologie of staatsleer nie, te oordeel altans aan universitêre jaarboeke.

In die Republiek word die Honneursgraad as 'n oorgangsfase — 'n soort intermediêre graad — tussen voor- en egte nagraadse werk beskou. Dit het ontwikkel uit die ou eksamengedeelte van die M.A. wat mettertyd in 'n afsonderlike graad verander is — miskien omdat soveel studente die eksamengedeelte afgelê het, maar nooit so ver gekom het as 'n dessertasie te skryf nie. Dit het veral die onderwysers goed te pas gekom. Die Honneursstudie kan eerder tot die voorgraadse — as die eg nagraadse fase in ons universitêre opleiding beskou word. Dit behels gevorderde werk — by die R.A.U. kan by voltydse studie al vyf afdelings na twee semesters en 'n somertermyn afgeskryf word, terwyl dit by deelydse studie twee jaar en twee somertermyne lank neem. Die meeste universiteite bied van vier tot vyf afdelings aan — by Unisa wat 'n groot personeel het. word 'n wye aantal „opsies” gegee — waarvan historiese metode, navorsingstegnieke, historiografie en filosofie van die geskiedenis by die meeste inbegrepe is, verder gespesialiseerde temas uit die Vaderlandse of Algemene geskiedenis, een waarvan aan die hand van bronne bestudeer moet word. By die R.A.U. word twee afdelings gewy aan eietydse wêreldgeskiedenis na 1945 en Oosterse geskiedenis. Gebrek aan doseerkragte verhinder die meeste geskiedenisdepartemente om wye keuses aan te bied. Selfstudie volgens program weeg hier swaarder as in die B.A.-jare. Die Honneursgraad het sy waarde oor en oor bewys. Die vraag is net of dié studie nie liever by die B.A.-jare as 'n vierdejaarkursus gevoeg behoort te word nie, sodat die B.A.-graad oor vier jaar studie i.p.v. drie strek, gesien die feit dat die meeste studente die universiteit met slegs 'n B.A.-graad verlaat, en as gevolg daarvan nie 'n behoorlike besef kry dat geskiedenis 'n wetenskap of dissipline is nie, waardeur daar 'n gebrek aan navorsers in en skrywers oor die geskiedenis ingetree het. So 'n gekombineerde graad mag ook tot beter onderrig aan die hoërskole lei.

Verder behoort daar ook besin te word oor die doel van ons drie jaar B.A.-opleiding in die geskiedenis. Dit geld sowel die inhoud as metode. Word daar voldoende rekening gehou met die eise van die veranderende wêreld? Is die bekendstelling met die inhoud van sekere kennisgebiede doel insigself? Is ons metodes toegespits op voorbereiding vir nagraadse opleiding? Gee ons voldoende aandag aan geskiedenis as 'n *dissipline* wat sy identiteit teenoor ander geestes- of sosiale wetenskappe bewys? Moet daar na die diepte van historiese boustowwe afgesteek, of met oorsigskennis volstaan word, en hoe kan beide met mekaar verbind word? Die hoeveelheid werk wat vereis word, word natuurlik dikwels bepaal deur die tweede hoofvak en byvakke. Steek ons af op „algemene” geestesvorming, blote beroepsopleiding (om bv. „die geskiedenis” op skool te gaan doseer), of op die kweking van 'n besef dat



geskiedenis 'n *wetenskap* is wat volgens aard op 'n bepaalde metode, en sekere vooronderstellinge berus? Of gaan dit om blote „inhoud”?

Mynsinsiens is van belang die kweking van die wetenskaplike houding (náás lewens- en wêreldbeskoulike vorming) en die bekendstelling met literatuur en navorsingsapparaat. As 'n student die B.A.-graad verwerf sonder kennis van die literatuur van 'n behandelde tydperk, gaan hy die praktyk van die lewe swak voorbereid binne, veral as hy geskiedenis op skool sal moet doseer. Hy moet minstens weet welke gepubliseerde bronne daar bestaan en welke die belangrikste sekondêre werke uit sy kennisgebied is. Met die oog op beter hoërskool-opleiding in die geskiedenis moet hy op voorgraadse vlak voldoende ervaring kry in die hantering en kritiese aanwending van *bronne* asook van boekbespreking. Hy behoort die basiese beginsels te ken vir die samestelling, bou en verestes van 'n „wetenskaplike” boek.

'n Mens moet bedink dat nie alle B.A.-studente met 'n Honneursgraad voortgaan nie, en as hulle hierdie basiese dinge mis — bloot net 'n bietjie inhoudskennis opdoen — hoe kan van hulle verwag word om selfstandige lesers en navorsers te word wat die pen ook aan latere historiese ondersoek sal waag? Die feit bly dat daar voldoende literatuur bestaan wat die student *self* kan benut — hulle het almal goeie oë — om tot uithoudskennis te geraak (natuurlik onder die dosente se leiding) en dié hoef nie les na les deur die dosent voorgelees of voorgedra te word nie. As hy eerder óók aandag aan die meer „tegniese”, „metodiese” en formele aspekte by die opleiding wil gee, kan beter produkte uit die B.A.-jare tevoorskyn tree. Hierdie aspek van die opleiding kan veral in 'n groepklas of „proseminaar” tot sy reg kom. As ons aanneem dat daar tans in die Projekskole aan die kant van die onderwysleiding 'n poging aangewend word om die leerling deur 'n elementêre vertrouwdheid met naslaanwerk en sintese beter vir universitêre studie voor te berei, behoort ons van universitêre kant die onderwyser beter toe te rus om die leerling te lei, waardeur daar as vanself 'n nouer skakeling tussen skool- en universitêre onderrig sal wees.

Dit is opvallend dat daar in die inleidende kursusse soos sosiologie, staatsleer, filosofie en ekonomie, asook in die chemie of fisika die student vanaf die begin vertrouwd gemaak word met die doelstellinge, die metode en geskiedenis van die dissipline wat bestudeer word, maar dat dit, wat die geskiedenis betref, blykbaar altyd as vanselfsprekend aanvaar word *asof* die student dit reeds alles weet, of behoort te weet! 'n Mens kan vra waarom die verskaffing van hierdie kennis uitsluitlik eers aan die geringe aantal Honneursstudente, terwyl die grootste aantal wat die universiteit slegs met 'n B.A.-graad verlaat dan daarvan verstoek deur die lewe moet gaan — veral waar die meeste van hulle geskiedenis op skool sal gaan doseer. Sou 'n mens nie van die gebreke in die dosering van die geskiedenis op skool kon uitskakel as daar aan hierdie aspekte op die voorgraadse vlak aandag gegee word nie? Die studente behoort

reeds op voorgraadse vlak te leer van die aard en doel van die geskiedenis, iets van die geskiedenis van die geskiedskrywing, die vraag na die sin van die geskiedenis en van probleme soos objektiwiteit, subjektiwiteit en relatiwiteit, asook metode en bronaanalyse.

As geskiedenisonderrig op die voorgraadse vlak slegs moet bestaan uit die oordraging van oorsigskennis, skiet ons opleiding in die vak as dissipline, en dus as wetenskap, aan sy doel verby. Die student behoort uitgerus te word met werklike intellektuele oefening, kritiese, analitiese en beredeneringsvermoë; die maak van gevolgtrekkings moet beoefen word, asook die vermoë tot verbeelding en konstruktiewe skepping — dít alles behoort op die voorgraadse vlak ingeskerp te word. Die student moet nie bloot passief „luister” of feite „leer” nie; hy moet historiese kennis deur beredenering en „gebruik” kan aanwend, en dit vereis méér as net inhoudskennis. Die elementêre beginsels van wat tans in die Honneursjaar geleer word, behoort reeds in die voorgraadse jare tuisgebring te word, miskien as wegbereider tot dié studie, maar ook om die B.A.-student beter toe te rus vir die lewe.

Prof. F. A. van Jaarsveld

*(Word vervolg)*